

Hoe om welvaart deur doelgerigte beplanning te skeep

9 Beginsels vir welvaartskepping in aksie

© Kopiereg: Manus Moolman
Gepubliseer deur My Welvaart
Posbus 70557 Die Wilgers 0041
544 Remskoek Straat • Pretoria
Tel 087 808 4461 • Faks 086 562 8873
Sel 082 740 6793

www.myebroker.info
info@myebroker.co.za

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manioer gereproduseer
word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

INHOUD

INLEIDING

DIE OPSTELLING VAN 'N PERSOONLIKE FINANSIËLE PLAN

Hoofstuk 1	BEPLAN JOU DROME.....	13
	My missie	
	My doelstellings	
	My doelwitte	
Hoofstuk 2	GELEENTHEDE EN RISIKO'S.....	17
	Sterkpunte	
	Swakpunte	
	Geleenthede	
	Bedreigings	
	Risiko oudit	
	Verander gewoontes	
	Aksieplan	
Hoofstuk 3	HOE RYK IS EK?.....	23
	Balansstaat	
	Geregistreeerde aftreefondse	
	Welvaart monitor	
Hoofstuk 4	FINANSIËLE DOELWITTE.....	27
	Besparingsdoelwitte	
	Skulddoelwitte	
	Finansiële onafhanklikheid	
	Begroting	
Hoofstuk 5	AFTREDE.....	35
	Begroting	
	Inkomstebronne	
	Kontantvloei	
Hoofstuk 6	MY FINANSIËLE PLAN, BEREKENAARS, 'N ARGIEF PROPVOL INLIGTING EN PRAKTIESE ASPEKTE.....	39
	Aksieplan	
	My Finansiële plan	
	Berekenaars	
	Spaarberekenaars	
	<i>Maandelikse besparing om 'n doelwit te bereik</i>	
	<i>Waarde van besparing oor tyd</i>	
	<i>Spaar deur 'n gewoonte te verander</i>	
	<i>Daaglikse besparing om 'n doelwit te bereik</i>	
	<i>Skuld teenoor spaar</i>	

Inflasie en rente

Toekomstige waarde van 'n huidige bedrag

Huidige waarde van 'n toekomstige bedrag

Koopkrag

Toekomstige waarde van gereelde spaar

Hoeveel moet vir 'n doelwit gespaar word

Reële opbrengs

Beleggings

Nabelaste opbrengs: persentasie

Nabelaste opbrengs: bedrag belê

Opbrengs op aandelebeleggings

Opbrengs op skatkiswissels

Reële opbrengs

Effektiewe opbrengs

Landbougrond

Gelykbreekpunt

Kontantafslag

Hefboomfinansiering

Netto batewaarde

Passiewe inkomste

eBroker welvaart argief

“How to become a millionaire”

“Starting and managing a small business”

“Business opportunities“

“Hobbies and crafts”

“Money making with a personal computer”

“Making money with a mail-order business”

“Money saving tips”

“Financial secrets”

“Personal improvement”

Tegnies

Opstellings

Voorkeure

Opdatering

Venster

Help

Aangaande My e-Makelaar

Registreer en aktiveer

Help inhoud

BYLAAG

HOW TO ACCOMPLISH ANYTHING YOU WANT IN LIFE.....51

INLEIDING

Hoe om finansiële drome waar te maak

Het jy al ooit gevoel dat jy harder en harder werk, maar -

- Hoe meer jy verdien, hoe minder hou jy oor?
- Jy net genoeg verdien om jou munisipale rekening en huisverband te betaal?
- Jy niks oorhou om te spaar nie?

Moenie harder werk nie – werk slimmer!

As jy nie slimmer werk nie, sal daar altyd 'n beperking op jou welvaart wees. Elke dag bestaan slegs uit 24 uur en al sou jy dit regkry om aanhoudend te werk, is dit nie genoeg om finansiëel vry te word en jou drome waar te maak nie. Daar is verskeie maniere om slimmer met geld te werk, maar onderliggend aan almal is doelgerigte beplanning.

Om welvaart deur doelgerigte beplanning te skep, moet die volgende gedoen word:

1 Ontwikkel 'n lewensdoel

Die bewustheid van 'n lewensdoel, of dit is om geld te maak en of dit is om enige ander ideaal te bereik, gee stukrag aan doelgerigte beplanning. Aanvanklik werk dit rigtinggewend met die vasstelling van strategie, en later help dit met die volharding daarvan.

2 Ontwikkel positiewe denke

Om welvaart deur doelgerigte beplanning te skep, is nie 'n manier om oornag ryk te word nie. Dit is 'n langtermyn proses en 'n mens kan seker wees dat daar struikelblokke op jou pad sal kom. Struikelblokke kan 'n mens vernietig óf jy kan dit in geleenthede omskep. Om laasgenoemde reg te kry, is positiewe denke nodig.

Om positiewe denke te ontwikkel, kan die volgende handleidings onder *Personal Improvement* in die welvaartargief op die *My e-Makelaar* CD geraadpleeg word:

- “How to develop a winning attitude
- How to beat depression
- How to command, influence and control people
- How to get everything you want out of life
- How to influence people and win them over
- How to win over your fears
- Live a longer and healthier life
- Nervous habit – you can break it in a few days
- Riches through creative thinking!
- Understanding and dealing with everyday stress
- Solving your problems can be challenging & fun”

Die ontwikkeling van positiewe denke gaan saam met die ontwikkeling van emosionele intelligensie. In hierdie verband behoort die uitstekende publikasie van Pieter van Jaarsveld, *Die hart van 'n wenner*, 'n paar keer deurgewerk te word. Die uitgewer is Lux Verbi en die ISBN nommer 07963 0153 0.

3 Bepaal 'n missie, doelstellings en duidelike doelwitte

Die volgende stap is om duidelike doelwitte op te stel. Die doelwitte moet só duidelik wees dat 'n mens dit in jou geestesoog kan "sien". Hulle moet op skrif wees en daagliks gelees word. Die bylaag wat hierby aangeheg is, kan gebruik word om die doelwitte op te stel.

Daarna word die doelwitte by *My e-Makelaar* ingevoer sodat 'n omvattende persoonlike finansiële plan opgestel kan word.

4 Verhoog kennis en verbeter vaardighede

Aan die einde van hierdie verslag, is 'n leeslys met uiters insiggewende publikasies aangeheg, wat 'n *MOET* is om kennis te verhoog en vaardighede te verbeter. Die publikasies kan op www.myebroker.info bestel word. 'n Mens kan ook jou vaardighede ontwikkel deur finansiële artikels wat in dagblaai verskyn, sowel as tydskrifte soos *Finweek* en *Personal Finance*, gereeld te lees.

Om *My e-Makelaar* optimaal te benut, moet die publikasie, *9 Beginsels vir Welvaartskepping*, gelees word. Die skrywer is Manus Moolman en die uitgewer is Naledi (ISBN 978-0-620-44304-3).

5 Gee minder uit as wat jy verdien

Dit is baie makliker om geld uit te gee, as om dit te verdien. Hierdie stelling is nêr so waar vir mense wat met klein bedrae werk as vir diegene wat met groot bedrae werk. Inkomste behoort gemaksimaliseer te word en terselfdertyd moet 'n mens alles in jou vermoë doen om uitgawes te besnoei. Die idee is om 'n surplus op te bou en te handhaaf.

Die volgende stappe kan geneem word om 'n surplus te bewerkstellig:

- Inkomste kan uit 'n salaris of 'n besigheid verkry word. Salarisverdieners wat hulle inkomste wil verhoog, kan begin deur die volgende verslae in die *eBroker Welvaart Argief* te lees:
 - "How to write a job winning resume that puts yours right at the top of the stack
 - How to land a higher-paying job
 - Success on the job"
- Mense wat op soek na 'n besigheidsidee is, kan die volgende handleidings raadpleeg:
 - Hobbies & Crafts
In hierdie afdeling is daar 60 handleidings oor hoe om geld uit jou stokperdjie te maak
 - Business opportunities
In 105 verslae word honderde besigheidseleenthede bespreek
- Mense wat 'n eie besigheid wil begin, kan die volgende handleidings raadpleeg:

- “Business Financing: How to find money for business ventures of all sizes
 - Business start-up fact finder manual
 - Checklist of questions to answer before you buy a franchise
 - How and where to get money for a franchise idea
 - How to raise money to start a business
 - Secrets to successfully starting your own business”
- Mense wat reeds ‘n besigheid het, kan die volgende handleidings bestudeer:
 - “The small business handbook
 - Secrets of free advertising
 - The truth of electronic marketing
 - How to collect debts other people owe you”

6 Laat jou geld vir jou werk

Volgens oorlewing het Albert Einstein eenmaal die stelling gemaak dat saamgestelde rente “the most powerful force in the universe is”. Of hy dit wel gesê het, is onseker. Wat egter seker is, is die feit dat saamgestelde rente ‘n baie kragtige deelgenoot is om finansiële drome waar te maak. Die volgende voorbeeld bewys dit. ‘n Agtienjarige moet slegs R36.67, teen ‘n gemiddelde opbrengskoers van 12% per jaar, vir ‘n miljoen rand op 65 spaar. Oor die periode is in werklikheid slegs R20 683 gespaar terwyl saamgestelde rente vir die res gesorg het!

7 Gebruik eiendom om welvaart te skep

Alle mense het ‘n woning nodig. Hoe die eiendom hanteer word, kan beteken of welvaart geskep of vernietig word. Mense wat geld teen hulle huisverbande leen en dit gebruik om beter te leef, vernietig welvaart. Wanneer die gaping tussen die waarde van die eiendom en die uitstaande verband te klein word, ontstaan ‘n ernstige probleem en as die verband hoër is as wat die huis werd is, kan bankrotskap om die draai lê. Betaal ‘n mens egter meer op jou huisverband af as wat nodig is, is jy besig om welvaart te skep.

- *My e-Makelaar* kan gebruik word om uit te werk hoeveel rente jy sal spaar deur ‘n bybetaling tot jou huisverband te maak. Met ‘n verband van R1-miljoen en ‘n rentekoers van 14%, is die maandelikse paalement R12 435 as die verband oor oor 20 jaar afbetaal word. Indien R882 per maand meer betaal word, sal die verband in 15 jaar afbetaal en R587 315 rente gespaar word.

Om eiendom te koop en dan te verhuur, is ook ‘n goeie manier om groot welvaart te skep. Kundigheid is egter nodig en ‘n mens moet ‘n fyn uitgewerkte strategie hê sodat jy die paalement in alle stadiums van die rentekoerssiklus kan bekostig.

- *My e-Makelaar* kan gebruik word om uit te werk of dit onder die heersende omstandighede tot jou voordeel sal strek om eiendom te koop en te verhuur en watter voordeel ‘n mens op die lang termyn daaruit sal put.

8 Skep ‘n passiewe inkomste

Om uiteindelik finansiële vryheid te bereik, is dit nodig om ‘n inkomste te ontvang waarvoor nie gewerk word nie. die verhuring van eiendom kan ‘n passiewe inkomste skep, maar ‘n ander manier is om ‘n dividend inkomste

uit aandele te ontvang. 'n Goed opgestelde aandeleportefeulje verg eintlik baie minder werk as die verhuring van eiendom. Daar is ook ander metodes om 'n passiewe inkomste te ontvang wat van tyd-tot-tyd in die elektroniese nuusbrieff *My Welvaart* verskyn. 'n Mens kan op www.mybroker.info op die gratis nuusbrieff inteken.

9 **Beskerm jou teen risiko's**

Die lewe is vol risiko's en as 'n mens nie 'n strategiese plan het om jou daarteen te beskerm nie, loop jy die kans om jou welvaart te vernietig. In *Hoe om welvaart deur doelgerigte beplanning te skep*, word beskryf hoe mens jouself en jou bates kan beskerm.

10 **Moet nooit geld verloor nie!**

Die grootste aandele belegger van alle tye, Warren Buffet, se eerste reël was om nie geld te verloor nie en sy tweede was om sy eerste reël te volg! Beleggings verskil - sommige hou baie groot risiko in en ander aansienlik minder. Onder sekere omstandighede sal beleggers 'n hoër opbrengskoers met gepaardgaande hoër risiko najaag en in ander omstandighede sal beleggers konserwatiewe beleggings verkies om net hulle kapitaal te beskerm. Op *My e-Makelaar* kan die risiko van beleggings met mekaar vergelyk word sodat geen onaangename verrassings gebeur nie. Die program kan ook gebruik word om uit te werk hoeveel jy by affrede uit jou beleggings kan onttrek sonder om die kapitaal uit te put.

11 **Hoekom is meer mense nie ryk nie?**

Baie lesers het al van sommige van hierdie beginsels gehoor. Die vraag is waarom meer mense dan nie ryk is nie? Die eerste rede is dat die beginsels nie samehangend in 'n doelgerigte plan gebruik word nie. Die tweede is dat die beginsels nie deel van 'n lewenstyl word wat in alledaagse aktiwiteite neerslag vind nie. As 'n mens se drome en ideale sterk genoeg is en jy het 'n doelgerigte plan om jou ideale in praktiese planne te realiseer, sal die beginsels in jou alledaagse lewe neerslag vind.

My e-Makelaar kan gebruik word om droom en praktyk by mekaar uit te bring deur 'n omvattende finansiële plan op te stel waar sowel ideaal as detail aandag ontvang.

Voorbeelde van berekeninge wat met *My e-Makelaar* gedoen kan word:

a) **BEREKEN HOE 'N GEREELDE SPAARPROGRAM 'N FORTUIN KAN SKEP**

Gestel jy is 22 jaar oud en wil uitwerk hoeveel gespaar moet word as jy 'n miljoen rand op 65 wil hê. Indien jy 14% opbrengs op 'n aandelebelegging per jaar kry, sal dit slegs nodig wees om R29.43 per maand te spaar.

In die proses is slegs R15 185.88 gespaar! 'n Mens moet egter onthou dat R1-miljoen oor 43 jaar as gevolg van 'n gemiddelde inflasiekoers van 6% heelwat minder werd sal wees as wat dit vandag is. Op *My e-Makelaar* kan gesien word dat dit gelykstaande aan R81 629 vandag is.

Die welvaart wat geskep is, is die verskil tussen R81 629 en die bedrag wat gespaar is (R15 185.88) naamlik R66 444. In realiteit behoort 'n werkende mens veel meer as R29 te spaar en sal die resulte soveel meer dramaties wees. Deur die bedrag wat gespaar word jaarliks met inflasie te verhoog, kan 'n streep ook deur die vernietigende uitwerking van inflasie getrek word.

b) WERK UIT OF OMSTANDIGHEDE GESKIK IS OM EIENDOM TE KOOP EN TE VERHUUR

'n Mens kan eiendom gebruik om, sonder 'n groot kapitale belegging aanvanklik, 'n passiewe inkomste te lewer. Wanneer huurinkomste hoog en rentekoerse laag is, kan eiendom met 'n verband gekoop en verhuur word. Die doelwit is dat die verband deur die huurinkomste gedelg word en dat jou eie belegging minimaal is. Daar is egter gevare aan verbonde. Wanneer rentekoerse styg, kan die verhuurder verplig word om 'n gedeelte van die verband uit sy eie sak te betaal. Die volgende is 'n voorbeeld van ideale omstandighede om eiendom te koop met die doel om dit te verhuur:

- i. Die verhuurder betaal geen deposito op 'n eiendom wat R500 000 werd is nie.
- ii. Die rentekoers op die verband is 9%
- iii. Die eiendom word teen 12% van die waarde van die eiendom verhuur.
- iv. Die huur verhoog jaarliks met 10%.
- v. Die heffing is R500 per maand.
- vi. Die termyn is 20 jaar.

Na 20 jaar, sal die persoon 'n jaarlikse inkomste van R276 275 ontvang en die verband sal afbetaal wees! Let asb daarop dat hierdie omstandighede ideaal is en dat die risiko soms te hoog is om eiendom te koop en te verhuur. As omstandighede nie ideal is nie, behoort 'n mens nie oorhaastig te wees nie, maar geduldig jou kans af te wag. Een ding is seker: niemand ken die toekoms nie, maar wat ons wel weet, is dat die ekonomie, inflasie en rentekoerse in siklusse beweeg en dat geleenthede later weer sal kom.

Elke indivldu se omstandighede verskil. Party kan dit bekostig om 'n gedeelte van die verband te betaal terwyl dit ander se finansiële ondergang kan beteken. Met *My e-Makelaar* kan jy uitwerk of die strategie vir jou sal werk.

c) BETAAL MINIMUM VERSEKERING

'n Mens behoort te weet hoeveel versekering nodig is om jou teen gevare te beskerm. Te min versekering is net so verkeerd as te veel. Deur termynversekering eerder as helelewensversekering te koop, kan tot 50% van premies bespaar word. Bepaal egter of termynversekering wel in jou behoeftes voldoen. *My e-Makelaar* kan gebruik word om vas te stel hoeveel versekering jy benodig.

Daar is ook 'n paar versekeringsmaatskappye waarby direkte versekering verkry kan word wat goedkoper kan wees as tradisionele versekering. Sien www.myebroker.info vir die nuutste moontlikhede. Voordat 'n mens egter enige versekeringsbesluit neem, behoort jy 'n opgeleide en gelisensieerde finansiële adviseur of makelaar te spreek.

d) SKEP WELVAART DEUR 'N KLEIN VERANDERING VAN GEWOONTE

Almal van ons het nie die talente om soos 'n Arrie Onasis of 'n Bill Gates geld te maak nie. Dit is egter binne almal se bereik om welvaart deur klein veranderinge in lewenstyl te skep. 'n 22-jarige wat besluit om op te hou rook en die R16 wat hy per dag daardeur spaar, teen 12% per jaar te belê, sal sy netto batewaarde op 65-jarige ouderdom met R8-miljoen verhoog. Die rookvoorbeeld staaf die stelling dalk net gedeeltelik omdat dit blykbaar nie baie maklik is om die gewoonte te staak nie. Die punt wat egter gemaak word, is dat elke paar rand wat deur 'n verandering van gewoonte gespaar kan word en doelgerig aangewend word, tot welvaartskepping kan bydra.

9 Beginsels vir Welvaartskepping

Daar word in die teks van hierdie handleiding na die publikasie, *9 Beginsels vir welvaartskepping*, van Manus Moolman verwys. Alhoewel die boek 'n goeie agtergrond bied en aanbeveel word dat dit saam met die program gebruik word, kan *My e-Makelaar* gebruik word sonder dat die boek gelees is.

DIE OPSTELLING VAN 'N PERSOONLIKE FINANSIËLE PLAN

It takes as much energy to wish as it does to plan
Eleanor Roosevelt

Dit is maklik om in 'n gemaksonse te beland waar dinge maar gelaat word om hulle eie loop te neem en geen proaktiewe beplanning gedoen word nie. In die era waarin ons leef, word mens se aandag tot só 'n mate deur 'n magdom impulse in beslag geneem, dat spesiale moeite gedoen moet word om persoonlike finansies te beplan omdat dit meestal buite die normale werksprogram val. Besige werksprogramme lei ook daartoe dat vinnige oplossings gesoek word eerder as om geleenthede indringend te ondersoek.

Dis algemeen dat mense *wens* dat hulle meer geld het, maar min beplan doelgerig om die wens te vervul. Oor die traagheid om te beplan, het Eleanor Roosevelt, eggenote van Franklin D. Roosevelt, eerstydse President van die VSA, 'n interessante opmerking gemaak. Volgens haar, bestee mense nét soveel energie daaraan om vir dinge te wens, as om daarvoor te beplan. Eintlik kan geargumenteer word dat om bloot vir iets te wens, méér tyd verspil omdat die wens waarskynlik nie vervul gaan word nie en dat wensdenkers se energie in doellose versugtings vasgevang word.

Beplanning is die eerste fondament van die bestuursproses en vir die doeltreffende bestuur van persoonlike finansies, is dit van wesentlike belang. Volgens navorsing is maatskappye wat beplan aansienlik suksesvoller as dié wat nie beplan nie.¹

Die doel van die handleiding is om te verduidelik hoe *My e-Makelaar* gebruik kan word om 'n persoonlike finansiële plan op te stel waarin die finansiële sy van mens se ideale bereken en doeltreffend beplan word. Om gerieflik tussen handleiding en rekenaar te verwys, is die stappe in die **planuitleg** van *My e-Makelaar*, presies gevolg.

¹ G.J. de J. Cronje (red), Inleiding tot die Bestuurswese, p. 114.

Installasie van CD

Volg die volgende stappe om *My e-Makelaar* te installeer:

1. Plaas die CD in die CD-Rom
2. Nadat die CD-Rom toegemaak is, sal die program outomaties begin laai
3. Antwoord die vrae wat op die skerm verskyn
4. Nadat die program gelaai is, sal die *My e-Makelaar* ikoon op die skerm van die rekenaar verskyn
5. Maak dit oop en stel die voorkeure soos verlang
6. Wanneer die program vir die eerste keer gebruik word, begin dit in Engels. Om dit na Afrikaans oor te skakel, moet die volgende gedoen word:
 - a. Klik op “settings” in die “toolbar”
 - b. Klik daarna op “preferences”
 - c. 'n Venster verskyn en Engels is as taalvoorkeur gemerk. Klik op Afrikaans
 - d. Die program moet nou toegemaak word
7. Wanneer die program weer oopgemaak word, sal dit in Afrikaans wees.

Belangrike notas:

- a) Die doel van hierdie beplanningsprogram is om algemene behoeftes te bepaal en breë riglyne uit te wys. Voordat enige finansiële besluit geneem word, behoort 'n opgeleide en gelisensieerde finansiële adviseur geraadpleeg te word. Die ideaal is dat 'n adviseur gekies word wat op die hoogte is met *My e-Makelaar* se beplanningsproses is.
- b) 'n Mens moet vooraf besluit of jy 'n beplanning in Afrikaans of Engels wil doen. As 'n plan in die een taal opgestel is en daarna in die ander taal oopgemaak word, word sekere syfers herhaal.

Hoofstuk 1

BEPLAN JOU DROME

If you can dream it, you can do it.

Walt Disney

Ons word deesdae voortdurend deur die “harde realiteite” van die lewe gekonfronteer. Die gevaar is dat mens tot só ‘n mate deur negatiewe omstandighede gekondisioneer kan word dat, om te droom, onrealisties en na ‘n vermorsing van tyd klink. Negatiewe denke wat oor jare gevorm het, skep die persepsie dat faktore buite ons beheer, dit onmoontlik maak om grootse ideale te bereik.

‘n Mens behoort egter nooit die vermoë te verloor om te droom nie. Met drome word nie net ‘n ydele dagdromery bedoel nie, maar ideale wat met passie nagejaag word en uiteindelik in doelstellings en meetbare doelwitte uitloop.

STAPPE OM ‘N PERSOONLIKE FINANSIËLE PLAN OP TE STEL:

- ☞ Dubbel-klik op die **My e-Makelaar** ikoon om die program oop te maak.
 - ☞ Kies **File** (leër) op die “toolbar”
 - ☞ Klik op **nuwe plan**
 - ☞ Onder die opskrif, **PLANUITLEG**, verskyn ‘n raamwerk vir ‘n nuwe **Finansiële plan** in ses stappe met verskeie onderafdelings
 - ☞ Omdat die stappe logies op mekaar volg, moet stapsgewys deur die plan gewerk word.
 - ☞ Om na die volgende stap te gaan, klik mens op die knoppie regs onder – **volgende stap**.
 - ☞ Lees die beskrywing van wat in die eerste stappe gedoen moet word in die drie vensters wat verskyn. Vir verdere verduidelikings moet op **meer** regs onder in elk van die drie vensters geklik word.
- Om die bykomende inligting weer toe te maak, word op die kruisie langs **instruksies / voorbeeld** regs bo geklik.

My missie

An unemployed existence is a negation worse than death itself because to live means to have something definite to do . . . a mission to fulfill . . . and in the measure in which we avoid setting our life to something, we make it empty . . . Human life, by its very nature, has to be dedicated to something

Jose Ortega Y Gasset

‘n Missie is ‘n doelgerigte strewe om iets betekenisvols te bereik. Die strewe moet kragtig genoeg wees om mens se emosionele en intellektuele vermoëns saam te snoer om ‘n duidelike doel te bereik.

Een van die grootste entrepreneurs wat Suid-Afrika nóg opgelewer het, Anton Rupert, moes, veral in die begin, talle eksterne struikelblokke oorkom om finansiële sukses te bereik. Sy groep kon aanvanklik nie ‘n maatskappy kry wat bereid was om die verpakking van hulle sigarette te behartig nie. Rupert het toe self begin om die verpakking te doen en ‘n paar jaar later, het sy maatskappy die firma oorgeneem wat nie bereid was om die sigarette te verpak nie. Vir die

grootste aandeelbelegger van alle tye, Warren Buffet, was dit aanvanklik 'n verskrikking om voor gehore te praat, maar hy het dit oorkom en nou stroom mense van oor die hele wêreld heen, na aanbiedings wat hy doen.

Die volgende maak deel van 'n missie uit:

- Formulering van jou belangrikste **doel** in die lewe indien jy 'n individu is, of, indien jy 'n besigheid besit, wat die **produk** of **diens** is wat jy aanbied
- Identifisering van 'n **mark** en of hulle die produk of diens nodig het
- Die **tegnologie** wat gebruik sal word om die produk of diens te lewer.²

My doelstellings

*Many persons have a wrong idea of what constitutes true happiness.
It is not attained through self-gratification, but through fidelity to a purpose*
Helen Keller

Doelstellings ondersteun 'n missie en “kan gesien word as (‘n) breë stelling(s) van dit waarna ‘n groep, of ‘n individu streef.”³ Voorbeelde van doelstellings kan wees om:

- 'n Suksesvolle loopbaan te hê
- Finansiële sukses te bereik
- Belasting te vermy
- Doeltreffende beleggingsbeplanning te doen
- Doeltreffende boedelbeplanning te doen
- 'n Inkomste vir afhanklikes daar te stel indien ek onverwags sou sterf
- Kapitaal / 'n inkomste beskikbaar te hê indien ek ernstig siek sou word of in 'n ongeluk vermink word
- Om 'n gesonde lewenstyl te handhaaf

Pessimiste dink dit is nie nodig om doelstellings op te stel nie omdat hulle dit in elk geval nie sal bereik nie. Gelukkig is dit nie waar nie want met 'n positiewe gesindheid is dit onder die moeilikste omstandighede denkbaar moontlik om doelstellings te bereik. Helen Keller (1880 – 1968) het op die ouderdom van 19 maande blind geword. Dit het haar egter nie verhoed om verskeie boeke te skryf, haar te beywer om die lot van minderbevoorregtes en mense met gebreke te verbeter en internasionaal lesings te lewer nie.

Nadat die missie geformuleer is, word op **Volgende** geklik om die doelstellings in te voer. Wanneer op **Voeg nuwe doelstelling by** links onder geklik word, verskyn 'n ruimte waarin dit gedoen moet word. Voeg al jou doelstellings by en klik op **Volgende**. Soos met die missie, kan na die volgende skerm beweeg word al is daar nie doelstellings ingevoer nie.

² M. Moolman, Skep welvaart uit jou huidige inkomste, p. 56.

³ J. Kroon, Algemene Bestuur, p. 120.

My doelwitte

Management by objective works - if you know the objectives.

Ninety percent of the time you don't

Peter Drucker

Soos ons gesien het, is doelwitte duidelike en meetbare mikpunte wat aan tyds- en finansiële kriteria gekoppel is. 'n Voorbeeld van 'n finansiële doelwit is 'n dertigjarige wat besluit om sy huidige lewenstandaard wat deur R240 000 per jaar moontlik gemaak word, na aftrede op 60-jarige ouderdom, te handhaaf. Hy verwag om 14% opbrengs op sy aandeleportefeulje te ontvang en na aftrede beplan hy om die portefeulje na 'n meer konserwatiewe fonds oor te dra en dan 10% opbrengs te ontvang. Indien inflasie gemiddeld 6% per jaar oor die periode is, sal hy R6 273 per maand moet spaar om genoeg geld te hê om teen sy huidige lewenstandaard af te tree.

NOTA

Doelwitte kan primêr finansiël wees, of dit kan op 'n ander terrein lê, maar finansiële implikasies hê. Op hierdie stadium van die beplanningsproses, is dit egter nie nodig om te veel aan die finansiële sy te dink nie - kreatiwiteit en ondernemende denke is nou nog die belangrikste. Doelwitte word na **Stap 4** onder besparings- en skulddoelwitte oorgedra waar dit bereken word. Daarna word dit na die begroting oorgedra om te sien of dit bekostigbaar is.

Ongelukkig lewe ons nie in 'n ideale wêreld nie en is eksterne bedreigings en ons eie swakhede altyd struikelblokke om doelwitte te bereik. Gelukkig kan negatiewe faktore altyd oorkom word as 'n mens op jou sterkpunte fokus en geleenthede aangryp.

Hoofstuk 2

GELEENTHEDE EN RISIKO'S

Never interrupt your enemy when he is making a mistake
Napoleon Bonaparte

Een van die redes vir Napoleon Bonaparte se sukses, was sy vermoë om strategies te dink. Hy kon sy vyande se foute uitbuit, op sy magte se sterkpunte fokus en geleentehede raaksien. Dit is presies wat van iemand verwag word wat vir finansiële sukses beplan. 'n Mens moet jou sterkpunte uitbou, aan swakpunte werk, geleentehede aangryp en jousef teen bedreigings beskerm.

Sterkpunte

I know of no more encouraging fact than the unquestioned ability of a man to elevate his life by conscious endeavor
Henry David Thoreau (1817 – 1862)

Die mens het die vermoë om sy lewe deur bewuste pogings op te hef. Anton Rupert het, teen die agtergrond van die treurige ekonomiese omstandighede van die Afrikaners in die twintiger en dertigerjare, besluit dat al uitweg was dat die Afrikaner, by wyse van spreke, “homself aan sy skoenfeters moes optrek.” Dit kon net gedoen word deur op hulle sterkpunte te fokus. Die Britse teoretiese fisikus, Stephen Hawking ly aan motor-neuron siekte en sy liggaam is al vir jare bykans van geen nut vir hom nie, maar hy het op sy sterkpunt naamlik sy intellektuele vermoë gekonsentreer en kon meer as 'n sinvolle lewe lei. As sy wanhopige fisiese toestand sy denke oorheers het, sou hy nie in staat wees om veel van 'n bydrae te maak nie. Warren Buffet het 'n briljante sakebrein en hy wy sy lewe daaraan om dit vir sy eie voordeel, maar ook tot die voordeel van almal wat op sy openbare verklarings en nuusbriewe ag slaan, te gebruik.

Daar is geen beter manier om op jou sterkpunte te fokus as om dit te ontleed en op skrif te stel nie. Deur op die knoppie, **Voeg nuwe sterkpunt by**, te klik, word sterkpunte een vir een gelys.

Swakpunte

I have not failed. I've just found 10 000 ways that won't work
Thomas Edison

Almal het swakpunte - selfs die mees suksesvolle mense. Die kuns om dit te voorkom, is om op jou sterkpunt te fokus en om geloof in jou missie te behou. Thomas Edison moes vele mislukkings trotseer voordat hy meer as 'n duisend patente kon registreer. Mislukkings het hom ook nie verhoed om die *Edison General Electric Company* te stig wat tans as *General Electric* bekend staan nie.

In Stephen Hawking se geval was sy siekte die rede waarom hy op sy sterkpunt, naamlik sy intellektuele vermoë gefokus het. Op Saterdag 12 Julie 2008, sou die Springbok rugbyspan in Dunedin teen die magtige All Blacks te staan kom. Hulle kon nog nooit 'n toets op die Carisbrook stadion, of die sogenaamde “House of Pain” wen nie en min mense het hulle 'n kans gegun om dit hierdie keer te

vermag. Omdat hulle hul droewige rekord in Carisbrook geïgnoreer het, kon hulle die wedstryd met 30 – 28 wen!

Geleenthede

A pessimist sees the difficulty in every opportunity; an optimist sees the opportunity in every difficulty
Winston Churchill

Vroeg in die twintigste eeu het 'n Amerikaanse kongreslid aangevoer dat die patentkantoor in die VSA maar kon sluit omdat hy nie verwag het dat daar meer uitvindings sou wees nie. Die teendeel het gebeur. In die laaste helfte van die twintigste eeu, was daar meer uitvindings as in die totale wêreldgeskiedenis tot voor daardie tydstep saam! Geleenthede is volop as mens positief is en daarna te soek.

In die Welvaart Argief op *My e-Makelaar*, is daar onder “business opportunities” talle geleenthede wat verder ontwikkel kan word. Belangrik egter, is om te onthou dat hierdie geleenthede nie 'n manier is om vinnig geld te maak nie, maar idees is wat met harde werk tot suksesvolle sake-ondernemings ontwikkel kan word.

Bedreigings

Obstacles are those frightful things you see when you take your eyes off your goal.
Henry Ford

Dit is nie die negatiewe dinge wat 'n mens bedreig, wat keer dat jou missie bereik word nie, maar *hoe* jy daarop reageer. Bedreigings hou gevare in, maar ook geleenthede. Die rede hiervoor is dat oplossings gevind moet word om die gevare uit die weg te ruim. Hierdie oplossings kan ander mense ook tot voordeel strek en kan dus kommersieel ontwikkel word. Baie mense kon *juis* welvaart skep omdat hulle oplossings vir probleme kon vind.

Toe Rembrandt nie 'n vervaardiger van verpakkingsmateriaal kon kry wat bereid was om sigaretdose vir hulle te maak nie, het hulle dit self gedoen. Hulle het dit só goed gedoen dat Rembrandt teen 1972 die helfte van die maatskappy, wat hulle aanvanklik nie wou help nie, besit het!

Omdat elke bedryging 'n oplossing benodig, is op *My e-Makelaar* voorsiening gemaak om, wanneer 'n bedreiging gelys word, ook 'n oplossing in te vul.

Risiko audit

Risk is a condition in which there is a possibility of an adverse deviation from a desired outcome that is expected or hoped for
Emmett & Therese Vaughan

Die doel van 'n **risiko audit** is om versekeringsbehoefte teen die agtergrond van bestaande versekering te bepaal. Ongelukkig het talle Suid-Afrikaners baie ongebalanseerde versekeringsportefeuiljies. Sommige het doodsdkking, maar geen dekking teen gevreesde siektes nie, ander weer het ongeskiktheidsdekking, maar nie dekking teen ongelukke nie. Die ideaal is dat daar 'n balans is tussen doodsd-, ongeskiktheids-, trauma- en ongeluksdekking is.

HOE OM OP MY E-MAKELAAR UIT TE WERK HOEVEEL VERSEKERING NODIG IS

LET WEL: Die minimum versekering wat benodig word, word hier bereken. Die versekering sal nie genoeg wees om 'n bepaalde lewenstandaard onbepaald te handhaaf ná die risiko-gebeurtenis plaasgevind het nie.

Om te verduidelik hoe *My e-Makelaar* gebruik kan word hoe om uit te werk hoeveel versekering nodig is, word die volgende voorbeeld gebruik:

- a. Die broodwinner (Gade A) verdien R200 000 per jaar.
- b. Indien hy of sy sterf, sal sy familie met 80% van sy inkomste kan oorleef.
- c. Hy het reeds lewensdekking ter waarde van R150 000.
- d. Die broodwinner glo dat hy R150 000 dekking vir gevreesde siektes soos 'n beroerte, blindheid, chroniese nierversaking, 'n hartaanval, kanker, koma, koronêre vatomleidingschirurgie, orgaanoorplanting en paraplegie nodig het. Hierdie geld is nodig om tekorte in sy mediese fonds aan te vul.
- e. Die broodwinner glo ook dat hy R150 000 nodig gaan hê as hy ernstig in 'n ongeluk beseer word. (Hy het reeds R70 000 se ongeluksdekking).
- f. As die broodwinner weens mediese redes ongeskik raak om te werk, sal hy sy totale inkomste moet vervang en nie net 80% soos in die geval van sy dood nie. Die rede is dat hy steeds onkoste sal aangaan, al is hy nie in staat om te werk nie.
- g. Die broodwinner het R100 000 se ongeskiktheidsdekking.
- h. Sy totale skuld, insluitende sy huisverband en sy motorlening is R650 000
- i. Hy verwag dat die belegging wat 'n inkomste vir sy afhanklikes moet lewer, teen 10% per jaar sal groei.
- j. Hy het R50 000 kapitaal beskikbaar wat sy afhanklikes kan gebruik indien hy sterf of as hy ongeskik raak om te werk.

Om die berekeninge te doen, word die volgende stappe gevolg:

1. Nadat mens van die bedreigings na die **risiko audit** beweeg het, moet op die reghoek regs van die oranje vierkant teenoor die opskrif "**Lewensdekking**" geklik word
2. In die venster wat dan verskyn, word die gegewens wat hierbo beskryf is, ingevoer.
3. Indien op **OK** geklik word, verskyn die dekking wat beoog word in die oranje vierkant regs van "**Lewensdekking**"
4. Daarna word die dekking wat vir gevreesde siektes benodig word, bloot in die linkerkantste vierkant teenoor **gevreesde siektes** ingevul. Indien fondse spesifiek vir die doel beskikbaar is, word dit in die ruimte wat daarvoor bedoel is, ingevul en indien daar reeds dekking is, word dit in die volgende reghoek ingevul. Die tekort word dan in die oranje reghoek aangedui.
5. By ongeskiktheidsdekking word dieselfde prosedure as by doodsdekking gevolg.

ANTWOORD: DIE MINIMUM VERSEKERING WAT BENODIG WORD:

- | | | |
|----|--------------------|--------------|
| a) | Lewensdekking: | R1,9 miljoen |
| b) | Gevreesde siektes: | R150 000 |
| c) | Ongeluksdekking: | R80 000 |
| d) | Ongeskiktheid: | R2,4 miljoen |

BELANGRKE NOTA:

Die veronderstelling wat in die berekening van die risiko dekking gebruik word, is dat:

- a) Daar voldoende fondse beskikbaar is om finansieel onafhanklik af te tree.
- b) Die inkomstebehoefte nie met inflasie groei nie.

Die absolute minimum dekking wat nodig is, word dus hier bereken. Indien jy nie ten minste die dekking het wat hier aanbeveel word nie, moet die gevaarligte aangaan. Vir 'n deeglike ontleding van versekeringsopsies, behoort 'n opgeleide finansiële adviseur of makelaar geraadpleeg te word.

As mens 'n inkomste benodig wat met inflasie groei en nooit opraak nie, kan die volgende gedoen word:

- Gaan na "Berekenaars" in *My e-Makelaar*.
- Kies **PASSIEWE INKOMSTE**
- Vul 'n geskatte bedrag bo in. Dit verteenwoordig die dekking wat benodig word.
- Vul al die ander besonderhede soos die rentekoers in.
- Onder verskyn die inkomste wat deur die bedrag wat bo ingevul is, gelewer sal word.
- As die inkomste onvoldoende is, moet die bedrag bo net verhoog word totdat die korrekte inkomste verkry word.
- Die bedrag wat die inkomste lewer, is die dekking wat benodig word. Hierdie dekking sal dan 'n inkomste lewer wat met inflasie sal aanpas en nooit uitgeput sal raak nie, mits daar nie 'n groter inkomste uit die belegging onttrek word nie en mits die veranderlikes wat ingevoer is, realisties is.

The screenshot shows the 'My eBroker' application window titled 'Geleenthede en Risiko's - Risiko Oudit'. The main area is 'STAP 2: Geleenthede en Risiko's - Risiko Oudit'. It features a table with the following data:

Beskywing	Dekking Benodig	Beskikbare Fondse	Huidige Dekking	Verskil (-/+)
Lewensdekking	R 2,050,000.00		R 150,000.00	R 1,900,000.00
Gevreesde Siektes	R 150,000.00	R 0.00	R 0.00	R 150,000.00
Ongeluksdkking	R 150,000.00	R 0.00	R 70,000.00	R 80,000.00
Ongeskiktheidsdekking	R 2,500,000.00		R 100,000.00	R 2,400,000.00

The 'Finansiële Berekenaar' dialog box contains the following fields:

- Huidige jaarlikse inkomste van Gade A: R 200,000.00
- % van die inkomste wat Gade B nodig het as Gade A sterf: 80
- Gade A se huidige lewensdekking: R 150,000.00
- Beskikbare Kapitaal: R 50,000.00
- Rentekoers: 10
- Verpligte indien Gade A sterf: R 650,000.00

The taskbar at the bottom shows the date 26 November 2007 and time 01:06 pm. The system tray includes icons for Help and Support, Disk Defragmenter, Handleiding, My eBroker, Microsoft Office, and Internet Explorer.

Verander gewoontes

Bad habits are like chains that are too light to feel until they are too heavy to carry.

Warren Buffet

Dit is goed en wel om doelwitte te hê, maar as dit nie geïmplementeer word nie, is dit sinloos. Om tyd en geld vir die doelwitte beskikbaar te stel, behoort mens jou alledaagse gewoontes krities te bekyk en, indien nodig, te verander. Omdat dit moeilik is om 'n aangeleerde gewoontes te verander, moet 'n definitiewe wilsbesluit gemaak word – soos toe Hawking sy sorgvrye studente lewe vaarwel toegeroep en op sy studies begin konsentreer het. As mens duidelike ideale en doelstellings het, is dit nie so moeilik om die verandering te maak nie.

Daar is só 'n wye verskeidenheid gewoontes dat dit nie moontlik is om voorbeelde van almal hier uit te wys nie. Dit kan wissel van gewoontes wat jou geestelike lewe negatief raak, gewoontes wat jou gesondheid benadeel, tot gewoontes wat 'n groot invloed op jou finansies uitoefen. Wat laasgenoemde betref, kan die verstommende impak wat spesifieke gewoontes om 'n mens se finansiële toekoms het, met behulp van *My e-Makelaar* bereken word. In die ruimte hieronder word die voorbeeld van 'n jongman wat die rookgewoonte staak en die geld wat só gespaar word, belê, bespreek. Hierdie jongman spaar R7 765 951 deur op te hou rook!

Die stap om gewoontes te verander, behels nie net dat slegte gewoontes gestaak behoort te word nie, maar ook dat nuwes aangeleer word. 'n Nuwe lewenstyl moet aangeleer word waar die droom wat jy nastreef, rigtinggewend is en 'n bewusyn van sukses (*success consciousness*) ontwikkel word. Positiewe gedagtes behoort aangeleer te word en 'n finansiële plan behoort daagliks gelees te word.

VERANDER GEWOONTES

Om die berekening te doen, moet eers na **Verander gewoontes** onder stap 2 gegaan en dan op **Voeg nuwe gewoonte by** geklik word.

1. Voeg 'n gewoonte by en die volgende matriks sal verskyn:

Naam	Daaglikse besparing	Huidige ouderdom	Bespaar tot ouderdom	Rente koers	Totale besparing oor periode	Totale belegging oor periode
Rook	R16	25	65	13	R230 400	R7 765 951

2. Voeg die **naam** van die gewoonte wat gestaak moet word in, bv. ROOK
3. **Daaglikse besparing** is die bedrag wat gespaar kan word deur die gewoonte te verander. In die voorbeeld is dit R16 per dag
4. Gestel jy is nou 25 jaar oud
5. Gestel jy spaar die R16 per dag tot jy 65 jaar oud is
6. Gestel die rentekoers is 13%
7. Die totaal van die R16 daaglikse besparings oor die periode is R230 400
8. Teen 'n saamgestelde groei koers van 13% per jaar, is die totale waarde van die belegging oor die periode R7 765 951!

Aksieplan

So many fail because they don't get started - they don't go. They don't overcome inertia. They don't begin

W. Clement Stone

Op hierdie stadium van die beplanning is daar waarskynlik al 'n magdom sake wat opgevolg moet word. Stel dus 'n lys van aksiestappe op wat aandag verg voordat na **Stap 3** beweeg word. Elke item op die lys behoort met 'n datum verbind en in 'n dagboek aangeteken te word.

Hoofstuk 3

HOE RYK IS EK?

If we could first know where we are, and whither we are tending, we could better judge what to do, and how to do it

Abraham Lincoln

Alle doelgerigte beplanning begin by die posisie waar 'n mens jou op die huidige oomblik bevind. Iemand wat 'n fietstoer van Kaapstad na Nairobi beplan, sal 'n ander roete uitwerk as sy vriend wat in Kairo begin en ook by Nairobi wil uitkom. Die beginsel geld ook vir finansiële beplanning. Om te beplan om welvaart te skep, moet jou huidige finansiële toestand bepaal word. Teen hierdie agtergrond kan nuwe uitdagings gestel en vordering gemeet word.

Balansstaat

Die balansstaat is 'n momentopname van die finansiële toestand van 'n onderneming

Cronje & du Toit

Een manier om die welvaart van 'n individu of onderneming te meet, is om te bepaal wat die netto batewaarde (verskil tussen bates en laste) van die entiteit is. As 'n netto batewaarde konstant bly, beteken nie dat welvaart konstant bly nie. Inflasie het die gevolg dat die koopkrag van geld verminder al bly die netto batewaarde konstant. Die netto batewaarde van 'n entiteit moet teen 'n hoër koers as inflasie styg om welvaart te skep.

BALANSSTAAT - NETTO BATEWAARDE

Die netto batewaarde word bloot bereken deur die waardes en laste van jou bates in die ruimte wat daarvoor voorsiening maak, in te voer. 'n Mens kan ook jou eie batekategorie byvoeg deur op [Voeg nuwe bate / las](#) te klik.

Beleggings word by die reghoek met die opskrif, [Beleggings](#), in die middel onder ingevoer.

1. Klik op die ikoon regs van die 2 grys vierkante [Beleggings vir aftrede](#) en [Ander beleggings](#).
2. 'n Nuwe venster verskyn. Klik op [Ander beleggings](#) links onder.
3. Kies uit die kieslys onder "kategorie" links bo die relevante beleggingskategorie

Kategorie	Beskrywing	Vir aftrede	Bedrag	% inkomste	% Kapitaal	Rentekoes
Vaste deposito	ABSA	<input checked="" type="checkbox"/>	R100 000	50%	50%	8.5%


4. 'n Lys met beleggingskategorieë verskyn. Kies die relevante kategorie
5. Beskryf die belegging, byvoorbeeld, ABSA
6. Enige belegging kan vir **kapitaalbehoefes**, of om 'n **inkomste vir aftrede** te lewer, bedoel wees. By **% inkomste** en **% kapitaal**, word die keuse tussen kapitaal en inkomste uitgeoefen. Dui hier aan watter persentasie aan watter doelwit toegedeel word.
7. Indien die % inkomste vir aftrede bedoel is, moet die **Vir aftrede** blokkie soos in bg. voorbeeld gemerk word. Hierdie bedrag word dan na die afdeling in stap 4 oor finansiële onafhanklikheid oorgedra

Geregistreeerde aftreefondse

*Retirement, a time to rediscover your passion.
What would you work at if you didn't have to earn money!*
Catherine Pulsifer

'n Baie klein persentasie van Suid-Afrika se inwoners tree sonder 'n tekort aan geld af. Dit is tragies aangesien al die kanale wat beskikbaar is om 'n aftree-inkomste te voorsien, nie ten volle benut word nie en die staat belastingtoegewings vir geregistreeerde aftreefondse (figuur 1) verskaf. Hierdie fondse sluit in: Vaste voordeel pensioenfondse, vaste bydrae pensioenfondse, voorsorgfondse, bewaringsfondse (*pensioen* bewaringsfondse en *voorsorg* bewaringsfondse) en uitree-annuiteite.

Aftreefondse kan aangewend word om *kapitaal-* en *inkomstebehoefte*s te bevredig. Enkelbedrae wat uit aftreefondse ontvang word, kan vir kapitaalbehoefte gebruik word, maar dit kan ook aangewend word om 'n inkomste te lewer. 'n Mens kan byvoorbeeld eiendom met die enkelbedrag koop en verhuur. 'n Ander moontlikhede sluit in aandele wat belastingvrye dividende lewer en tenkhouers waaruit 'n rand-verskanste inkomste ontvang kan word.



Figuur 1 Aftreefondse

BELANGRIKE NOTAS:

- Huidige waardes moet by aftreefondse ingevul word en nie die geprojekteerde waardes wat deur versekeringsmaatskappye voorsien word nie.
- Dit is uiters belangrik dat 'n realistiese rentekoers gekies word. As die rentekoers te hoog is, sal die beplanning nie werk nie. (sien *Praktiese riglyne by die opstelling van 'n finansiële plan* onder DEEL I).

- c) **Vir aftrede** is die laaste veld waar inligting oor fondse ingevoer word. Wanneer 'n enkelbedrag uit 'n aftreefonds ontvang word, kan dit op enigiets gespandeer word. Dit kan egter ook gebruik word om buite die aftreefonds op 'n ander wyse te belê om inkomste te genereer.

Vaste voordeel pensioenfondse

Die pensioenvoordele van vaste voordeel pensioenfondse word deur formules bepaal. 'n Formule wat algemeen gebruik word, is aantal jare lid van die fonds x salaris x 2%. Iemand wat vir 30 jaar lid van 'n fonds was en R120 000 per jaar verdien, sal volgens hierdie formule dan met 'n pensioen van R72 000 per jaar aftree (30 x 120 000 x 2%). *My e-Makelaar* doen hierdie berekeninge outomaties. Al wat gedoen moet word, is om jou besonderhede in te vul.

Vaste bydrae pensioenfondse

In teenstelling met vaste voordeelfondse, word voordele nie by vaste bydrae pensioenfondse deur formules betaal nie, maar deur die bydraes wat tot die fondse gemaak is en die opbrengs daarop. Die voordele is dus direk afhanklik van hoe groot die bydrae is en hoe goed dit gegroei het. Dit is voor-die-hand-liggend dat lede van hierdie fondse op hoogte behoort te wees van die wyse waarop hulle geld bestuur word.

Voorsorgfondse

Voorsorgfondse verskil in dié opsig van pensioenfondse dat daar nie 'n beperking is op die bedrag wat by aftrede onttrek kan word nie omdat die volle bedrag in kontant uitbetaal word.

Bewaringsfondse (Pensioen bewaringsfondse en Voorsorg bewaringsfondse)

Die doel van bewaringsfondse is om aftreevoordele van werknemers wat permanent ongeskik raak, sterf of uit diens tree, te bewaar totdat hulle aftree. Die fondse word onder dieselfde voorwaardes as die oorspronklike pensioen- of voorsorgfonds tot aftrede bewaar.

Uittree-annuïteite

Wanneer uittree-annuïteite uitkeer, kan die maksimum van 'n derde van die fondswaarde as 'n enkelbedrag onttrek word. Hierdie derde kan vir kapitaalbehoefte aangewend word, of dit kan gebruik word om 'n inkomste na aftrede te lewer. Die inligting van uittree-annuïteite word op dieselfde wyse by *My e-Makelaar* ingevoer as dié van pensioenfondse. Let daarop dat aangedui moet word of die derde wat as enkelbedrag onttrek word, vir aftrede bedoel is of nie.

Wanneer opbrengskoerse ingevul word, moet die aard van die onderliggende belegging van die polis in ag geneem word. Beleggings kan saamgestel word om 'n hoë opbrengskoers na te jaag of om kapitaal te bewaar en 'n laer koers na te jaag.

Welvaart monitor

Die welvaart monitor word gebruik om die effek van inflasie op netto batewaarde en inkomste aan te dui. 'n Mens behoort boek van jou inflasie-aangepasde welvaart te hou om te sien of jou dit styg of daal.

Netto Batewaarde Monitor

Skep welvaart deur jou netto batewaarde en jou netto inkomste te verhoog

Bepaal wat jou netto batewaarde en inkomste tans is. Bepaal dan hoeveel dit teen die heersende inflasiekoers moet styg om dieselfde koopkrag te behou. Gestel jou n.b.w. is tans R800 000. Hierdie bedrag word dan in jaar 0 ingevul. Teen 6% inflasie, sal jou n.b.w. in die volgende jaar R848 000 moet wees om die koopkrag van jou geld konstant te hou. As jy sou besluit dat jy die koopkrag van jou geld jaarliks met 5% wil verhoog, moet jou n.b.w. aan die einde van jaar 1 R890 400 wees. Vul jou doelwitte op die tabel in. Dieselfde beginsel kan met die netto inkomste gedoen word. (Om die berekeninge te doen, word die volgende gedoen: 1) Gaan na **BEREKENAARS**. 2) Kies **inflasie en rente**. 3) Kies **Toekomstige waarde** van huidige bedrag. 4) Vul die gegewens in. Die antwoord moet dan in die table ingevul word.)

Jaar	Netto batewaarde	Ideale netto batewaarde	Netto inkomste	Ideale netto inkomste
0	R800 000			
1	R848 000	R890 400		
2				
3				
4				
5				
6				
7				
8				
9				
10				

Hoe beplan ek om my netto batewaarde jaarliks te verhoog?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Hoe beplan ek om my netto inkomste jaarliks te verhoog?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Hoofstuk 4

FINANSIËLE DOELWITTE

The future you see is the future you get

Robert G. Allen

Die meeste mense weet watter droommotor hulle graag sal wil besit, watter klere en juwele hulle wil aantrek, waar hulle vakansie wil hou en wat al hierdie produkte kos. Min kan egter presies sê watter prys hulle *finansiële* doelwitte het. Om 'n vae doelwit te hê soos: “ek wil graag ryk wees”, is nie voldoende nie. Soos ons in DEEL I gesien het, behoort doelwitte baie duidelik en spesifiek te wees.

Voorbeelde van finansiële doelwitte is mikpunte vir 'n mens se netto batewaarde, inkomstemikpunte en beleggingsmikpunte. Vervolgens enkele moontlikhede van hoe die doelwitte geformuleer kan word:

- ⇒ My netto batewaarde is tans R1,5-miljoen en moet jaarliks met 10% bo inflasie styg. Aangepas vir inflasie sal dit oor 'n jaar R1.65-miljoen wees. My doelwit is dat dit R1.73-miljoen moet wees. Om dit reg te kry, sal ek 'n daadwerklike poging aanwend om my skuld af te betaal, my tuin versorg en my huis opknap.
- ⇒ Ek wil vir 'n miljoen rand oor 25 jaar spaar. Teen die huidige inflasiekoers van 10%, glo ek dat 'n opbrengskoers van 15% op 'n Satrix 40 belegging haalbaar is. Die bedrag wat maandeliks gespaar moet word, is R308.
- ⇒ My inkomste moet jaarliks met 10% verhoog. Ek sal my tyd beter bestuur om meer werk gedoen te kry en vir 'n verhoging in aanmerking te kom. Ek beplan om die volgende artikels in die *eBroker Welvaart* Argief te lees:
 - “Success on the job
 - The Insiders' Guide To Getting Along With Your Boss
 - Managing Your Time Between Work & Home”

Enige doelwit met finansiële implikasies kan hier gelys word, maar dit is veral belangrik dat doelwitte opgestel word met betrekking tot spaar, skuld en finansiële onafhanklikheid.

Besparingsdoelwitte

Money is not for spending. It took me the longest time to understand this — money is for managing first and then for spending. That truth profoundly changed my attitude about money

Mary Hunt

Mense skaf produkte nie net uit noodsaak aan nie, maar ook uit emosionele oorwegings en omdat luukse verbruikersware hulle identiteit in die sosiale omgewing bepaal. Om vir iets te spaar neem tyd en pas nie by die paradigma van die verbruikersamelewing in nie. Tóg is die spaargewoonte die eenvoudigste en een van die mees doeltreffende maniere om welvaart te skep.

Wanneer na die **besparingsdoelwitte** onder **Stap 4** beweeg word, sal die doelwitte verskyn, wat vroeër opgestel is. In hierdie afdeling word die finansiële implikasies van daardie doelwitte bereken.

Skulddoelwitte

Some debts are fun when you are acquiring them, but none are fun when you set about retiring them
Ogden Nash

Die Romeinse skrywer, Publilius Syrus, het reeds in die eerste eeu gesê “Debt is the slavery of the free”. Skuld hou mens inderdaad gevange en teen die tyd dat jy agterkom hoe dit jou finansiële ruineer, is dit moeilik om dit af te skud. As mens gevaarlike of te veel skuld het, behoort jy te begroot om dit binne ‘n bepaalde tyd af te betaal (figuur 2).

The screenshot shows the 'My eBroker' application window. The main window is titled 'STAP 4: Finansiële Doelwitte - Skuld'. It features a 'Verband Berekenaar' (Mortgage Calculator) dialog box. The calculator has the following inputs and outputs:

Input	Value	Output	Value
Verband	R 1,300,000.00	Maandelikse betaling	R 16,165.77
Rente	14.00	Totaal oor periode betaal	R 3,879,784.93
Normale Termyn	20 jare	Maandelikse betaling	R 17,312.64
Kortere Termyn	15 jare	Totaal oor periode betaal	R 3,116,274.85
Besparing met kortere termyn.			R 763,510.08

The interface also includes a sidebar with a 'Finansiële Plan' tree, a bottom taskbar with various application icons, and a status bar showing the date and time.

Figuur 2 Skulddoelwitte


SKULDDOELWITTE: HUISVERBAND

Om by die verbandberekenaar op *My e-Makelaar* uit te kom, moet die volgende stappe gevolg word:

- ⇒ Gaan na Skuld doelwitte onder STAP 4 op *My e-Makelaar*.
- ⇒ Kies die Verband bladsy.
- ⇒ Druk die knoppie onder: **Verband Berekenaar** en voer die inligting in.

Gestel mens het 'n huisverband van R1,3-miljoen en betaal 14% rente. Jy sal dan, versekerings- en administratiewe koste uitgesluit, R16 165 per maand oor 20 jaar afbetaal en R17 312 oor 15 jaar. Dit kom neer op 'n bybetaling van R1 147 per maand. Die besparing in rente is egter R763 510!

Finansiële onafhanklikheid



Figuur 3 Finansiële onafhanklikheid

Finansiële onafhanklikheid is seker een van die belangrikste finansiële doelwitte wat 'n mens kan hê. Alhoewel dit ook een van die moeilikse doelwitte is om te bereik, is dit wel moontlik indien vroeg begin word om daarvoor te spaar.

In hierdie afdeling kan uitgewerk word *hoeveel* gespaar moet word om finansiële onafhanklik af te tree. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n mens jou huidige lewenstandaard na aftrede wil handhaaf. Indien jou lewenstandaard na aftrede laer gaan wees as gevolg van minder uitgawes, kan jy besluit dat jy slegs 'n persentasie van jou huidige inkomste nodig gaan hê en nie 100% van die bedrag nie. Let daarop dat jou huidige inkomste tot op die datum van aftrede aangepas word om met inflasie tred te hou.

By die berekening is van die veronderstelling uitgegaan dat die geld nooit opgebruik sal word nie. 'n Ander opsie sou kon wees dat fondse net tot aan die einde van 'n mens se lewe hou. Omdat mens nie jou lewensverwachting ken nie, is dit veiliger om die geld nie op te gebruik nie. Die gevolg van hierdie benadering is egter dat meer gespaar moet word as wanneer jou geld by dood opgebruik sal wees.

Wanneer die inligting ingevul word om die berekening te doen, is dit belangrik om op die volgende te let (figuur 3):

JAARLIKSE INKOMSTE

Die *jaarlikse inkomste* verwys na die *na-belaste* inkomste wat mens op die oomblik verdien en die lewenstandaard wat daarmee bekostig kan word. Moet

dus nie 'n toekomstige geprojekteerde inkomste invul nie. *My e-Makelaar* pas die inkomste outomaties met inflasie aan.

PERSENTASIE VAN INKOMSTE BY AFTREDE BENODIG

Omdat 'n mens na aftrede gewoonlik minder uitgawes het, kan jy besluit dat jy net 'n persentasie van jou huidige inkomste na aftrede nodig gaan hê. Hierdie persentasie moet hier ingevul word.

HUIDIGE OUDERDOM

Hier word die persoon vir wie die beplanning gedoen word, se huidige ouderdom ingevul.

AFTREE-OUDERDOM

Hierdie is die ouderdom waarop beplan word om af te tree. Indien mens nie kan bekostig om die bedrag te spaar wat vir aftrede benodig word nie, kan die aftreedatum uitgestel word. Dit sal die bedrag verminder wat gespaar moet word.

RENTEKOERS VÓÓR AFTREDE

Hoe langer die teikendatum van 'n finansiële doelwit in die toekoms is, hoe riskanter kan die belegging wees waarin vir aftrede gespaar word met die oog op 'n hoër opbrengskoers. Daarom kan die rentekoers vóór aftrede hoër wees as die een ná aftrede. Let daarop dat die risiko waarna hier verwys word, niks te make het met ondeurdagte of onwettige skemas nie, maar met die volgende beleggingsrisiko's: markrisiko, inflasierisiko, rentekoersrisiko, konjunktuurrisiko, wisselkoersrisiko en die ondernemingsrisiko.

RENTEKOERS NÁ AFTREDE

Beleggings wat ten doel het om 'n inkomste te lewer, behoort konserwatief bestuur te word. Daarmee gaan laer opbrengskoerse saam. Die koers wat hier gebruik word, behoort nie meer as 2% - 3% bo inflasie te wees nie.

INKOMSTE BY AFTREDE NODIG

Hierdie is die inkomste is met die inflasiekoers aangepas en is die bedrag wat nodig sal wees om jou huidige lewenstandaard voort te sit. Die bedrag word outomaties uitgerekend en is net vir kennisname.

MINUS: SALARIS VAN VASTE VOORDEELFONDS

Die inkomste wat na aftrede benodig word, word verminder met die inkomste van 'n vaste bydrae fonds indien van toepassing. Let daarop dat daar aanvaar word dat die pensioenvoordele in pas met die inflasiekoers wat in *My e-Makelaar* gebruik word, vermeerder.

INKOMSTETEKORT

Indien die inkomste wat uit 'n vaste voordeelfonds ontvang word, nie groot genoeg is om aan mens se inkomstebehoefte te voldoen nie, word die tekort hier aangedui.

VOORSORG VIR TEKORT

Kapitaal wat nodig is om die tekort uit te wis

Hierdie is die bron van kapitaal wat nodig is om die inkomste te lewer wat die tekort sal uitwis. Die bron is groot genoeg sodat die inkomste wat ontvang word, met inflasie sal styg terwyl die bron nie uitgeput sal word nie.

MINUS BESKIKBARE KAPITAAL

Alle kapitaal wat bedoel is om 'n inkomste te skep, word hier saamgevoeg. Dit word dan outomaties afgetrek van die totale kapitaal wat benodig word om die inkomstetekort aan te vul.

KAPITAAL TEKORT

Die kapitale tekort verwys na die kapitaal wat dan nog steeds benodig word en waarvoor gespaar moet word. Na gelang van individuele omstandighede mag individue besluit om 'n groter onttrekking uit die kapitaal te maak in welke geval minder kapitaal nodig sal wees om die inkomstetekort te delg. Daar moet dan net besef word dat een van die twee gevolge sal plaasvind: a) die inkomste sal nie op die lang duur met inflasie tred hou nie of b) die kapitaal mag sodanig verminder dat die inkomste oor 'n paar jaar te min sal wees om van te leef. Ten beste sal die kapitaal net tot by die individu se afsterwe hou.

MAANDELIKSE BELEGGING OM TEKORT UIT TE WIS

Hier word aangedui wat maandeliks gespaar moet word om 'n inkomstegenererende belegging daar te stel.

MINUS HUIDIGE BESPARING

Indien tans met die oog op aftrede gespaar word, moet die totale bedrag hier ingevul word. Dit sluit alle bydraes tot pensioenfondse (behalwe vaste voordeelpensioenfondse), uitree-annuïteite, effeketrusts en uitkeerpolisie in wat bedoel is om aftrede te befonds.

Maandelikse belegging om tekort uit te wis

Bogenoemde bedrae word outomaties afgetrek en die bedrag wat bykomend gespaar moet word, verskyn in die laaste veld. Hierdie bedrag word na die begroting oorgedra.

Begroting

*I'm living so far beyond my income
that we may almost be said to be living apart.*

E. E. Cummings


Swart beskryf die doel van 'n begroting soos volg: "The purpose of a budget is to enable individuals or families to achieve their objectives. A budget forces you to assess your current and future financial situation and to keep track of income and expenditure. This result is a more careful and sensible approach to spending the funds you have in order to achieve the objectives you have set for yourself."⁴

Sonder 'n begroting is dit bykans onmoontlik om die doelwitte wat tot dusver opgestel is, te bereik. Lucas de Lange het aangetoon dat Suid-Afrikaners ongeveer 10% van hulle inkomste mors omdat hulle nie begroot nie. 'n Begroting dissipleneer 'n mens om noukeuriger met geld om te gaan.

Die finansiële doelwitte wat vroeër opgestel is, word na die begroting oorgedra. Nou kan 'n mens behoeftes teen mekaar opweeg en bepaal of jy doelwitte kan bekostig of nie. As jy dit nie kan bekostig nie, kan aan die begroting of die doelwitte verander word.

⁴ N. Swart, Personal Financial Management, p. 25.

Na aftrede is daar items wat nie langer op die begroting sal verskyn nie en 'n mens hoef dus nie daarvoor te spaar om finansiële onafhanklik te word nie. Voorbeelde is 'n huisverband wat afbetaal moet wees as 'n mens wil aftree, ander skuld en studiekoste. Hierdie items kan vir die doel om uit te werk hoeveel vir aftrede gespaar moet word, uitgehaal word.



Figuur 4 Begroting

Indien daar 'n tekort op die begroting is, sal die volgende boodskap verskyn: **U het 'n tekort op u begroting. Wil u voortgaan?** As 'n mens die tekort wil ignoreer, klik jy eenvoudig op **OK** en gaan aan met die beplanning. As jy iets aan die saak wil doen, kan een van die volgende opsies gekies word:

- Probeer om die begroting aan te pas, sodat die bedrag wat gespaar moet word om teen jou huidige lewenstandaard af te tree, bekostig kan word. Onthou om uit te werk hoeveel deur 'n klein verandering in lewenstyl gespaar kan word. (Gaan na BEREKENAARS / Spaarberekenaars / Spaar deur 'n gewoonte te verander).
- Indien stap een nie haalbaar is nie, kan die bedrag wat vir finansiële onafhanklikheid gespaar moet word, op die begroting verander word. Daar sal dan aangedui word teen watter persentasie van jou huidige inkomste jy sal kan aftree.
- Indien na die vorige bladsy (Stap 4: Finansiële onafhanklikheid) teruggegaan word, sal die persentasie van die huidige salaris waarteen afgetree kan word, outomaties verander.
- BELANGRIK:** Indien weer na die begroting teruggegaan en die bedrag wat gespaar moet word vir finansiële onafhanklikheid, vermeerder word, sal 'n boodskap verskyn dat mens nou teen meer as 100% van jou huidige inkomste sal kan aftree. Let egter op dat dit die verminderde inkomste is wat ter sprake is en nie die aanvanklike inkomste nie. Om die aanvanklike

bedrag te bereken, moet die persentasie van jou salaris waarteen jy finansiëel onafhanklik wil aftree, met die hand verander word.

Hoofstuk 5

AFTREDE

As in all successful ventures, the foundation of a good retirement is planning.
Earl Nightingale

Begroting

Die rede waarom daar 'n begroting voor en na aftrede is, is dat daar enkele wesentlike verskille tussen die twee is. Die belangrikste is dat skuld, veral groot skuld soos 'n huisverband, afbetaal moet wees voordat 'n mens aftree.

Sommige ander uitgawes soos skoolgeld en koste verbonde aan naskoolse opleiding val waarskynlik weg en versekeringskoste is laer na aftrede.

Inkomstebronne

Met inkomstebronne word die kapitaal bedoel wat oor 'n leeftyd in die vorm van polisse, uittree-annuiteite, eiendom, effektrusters en aandele bymekaargemaak is om 'n inkomste na aftrede te verskaf (figuur 4). Elke soort inkomstebron bied eiesoortige voordele, maar moet korrek hanteer word om optimal benut te word. Die volgende aspekte is van kritiese belang:

- ⇒ Beveiliging van kapitaal. Onthou Warren Buffet se reël dat 'n mens nie geld moet verloor nie!
- ⇒ Die kapitaal en inkomste moet teen die gevaar van inflasie beskerm word. Deur té konserwatief in jou beleggingsbenadering te wees, kan inflasie en belasting op rente die koopkrag van jou geld verminder.

The screenshot displays the 'My eBroker' software interface for retirement planning. The main window is titled 'STAP 5: Begroting - Aftree Inkomstebronne'. The interface is divided into several sections with input fields and calculated results:

- Pensioen:** Jaarlike Pensioen: R 120,000.00; Jaarlike Groei: 5.00
- Eiendom:** Waarde: R 600,000.00; Huur as % van waarde: 6.00; % Groei: 10.00; Jaarlike % groei in waarde van eiendom: R 36,000.00
- Gekoppelde Beleggings:** Bruto waarde na oorspronklike koste: R 1,000,000.00; Inkomste: 5.00; Opbrengs van belegging: 11.00; Bestuurs fooie: 2.00
- Uitkeer Polisse:** Bedrag: R 100,000.00; Persentasie Inkomste: 6.50; Persentasie Groei: 6.00; Jaarlike Inkomste: R 6,500.00
- Aandeles:** Bedrag: R 500,000.00; Belegging Groei: 15.00; Persentasie Dividende: 3.00; Jaarlike Inkomste: R 15,000.00
- Aftree Annuiteit:** Jaarlike Inkomste: R 12,000.00; % Jaarlike inflasie verander, as van toepas: 0.00

The interface also includes a sidebar with a 'Planuitleg' tree, a 'eBroker Welvaart-argief' list, and navigation buttons at the bottom: 'Toemaak', 'Vorige Stap', and 'Volgende Stap'. The system tray shows the date '05 September 2007' and time '12:57 nm'.

Figuur 4 Inkomstebronne vir aftrede

PENSIOEN

Hierdie pensioen verwys na 'n vaste voordeel pensioenfonds. Die inkomste wat ontvang gaan word, moet met die hand ingevul word. Die **jaarlikse pensioen** is die bedrag wat werklik met aftrede ontvang gaan word. Die **jaarlikse groei** is die persentasie waarmee die pensioen jaarliks verhoog word. Hierdie syfer kan uit die geskiedenis van die pensioenfonds afgelei word. Verhogings in pensioenarisse se inkomste, is by die meeste pensioenfondse laer as inflasie.

GEKOPPELDE BELEGGINGSPRODUKTE

Gekoppelde beleggingsprodukte is beleggingsplatforms wat gebruik word om effektrusts te bestuur. Die platforme van gekoppelde beleggings is ontwerp sodat kostedoeltreffend en maklik van die een na die ander effektrust verander kan word.

Geld vanuit die volgende bronne kan in hierdie produkte belê word:

- a) *Vrywillige geld*. Hiermee word geld bedoel waaroor die belegger vrye hanteringsreg het en
- b) *Verpligte geld*. Verpligte geld is uit uittree-annuïteite, pensioen-, voorsorg- en bewaringsfondse afkomstig. Wetlike bepalings geld met betrekking tot die aanwending van die geld.

Die **bruto waarde na oorspronklike koste**, verwys na die bedrag wat oorbly nadat kommissie, btw. en administratiewe koste afgetrek is. **Inkomste** verwys na die persentasie van die beleggingsbedrag wat as inkomste onttrek word. **Opbrengs van belegging** verwys na die opbrengs wat op die belegging verdien word. Die persentasie moet gereeld hersien word om dit in ooreenstemming te bring met die opbrengs wat werklik verdien word. Die **bestuursfooie** is die totaal van die administratiewe fooie van die beleggingsmaatskappy en die kommissie van die makelaar.

Beleggers kan besluit watter inkomste hulle uit gekoppelde beleggings wil onttrek. In die geval van uittree-annuïteite is dit tussen 2.5% en 17.5%. Indien die persentasie inkomste wat onttrek word te groot is, word die kapitaal egter uitgeput. As 'n inkomste gekies word wat laer as die groeikoers van die belegging is, sal die kapitaal styg. Dit sal tot 'n geleidelik stygende inkomste lei.

UITKEERPOLISSE

Uitkeerpolis kan, nadat uitkeerderdatum bereik is, gebruik word om 'n belastingvrye inkomste te lewer. Die **bedrag** verwys na die beleggingsbedrag van die polis, die **persentasie inkomste** verwys na die persentasie van die beleggingsbedrag wat as inkomste ontvang word en die **persentasie groei** is van toepassing indien die groei jaarliks verhoog. Dit gebeur egter net in uitsonderlike gevalle – *as 'n reël moet 'n nul persentasie ingevul word*. 'n Mens kan by 'n versekeringsmaatskappy vasstel watter persentasie as inkomste uitbetaal word.

EIENDOM

Hier word eiendom bedoel wat verhuur word om 'n inkomste te lewer. Die **waarde** is die huidige waarde van die eiendom. Die **huur as % van die waarde** is die persentasie van die eiendom wat as huur ontvang word, die **% groei** is die

persentasie waarmee die waarde van die eiendom jaarliks groei en die **Jaarlikse persentasie groei in waarde van die eiendom** is die koers waarteen die waarde van die eiendom jaarliks styg.

AANDELE

Aandele kan gebruik word om 'n dividend-inkomste te lewer. Die voordeel is dat, as aandeelpryse styg, dividendinkomste ook behoort te styg. Dit is wel waar dat aandeelpryse wissel en dividend-inkomste dienooreenkomstig kan wissel, maar oor die langtermyn kan verwag word om die hoogste opbrengs by aandele te behaal.

By **bedrag** word die waarde van die aandele ingevul, **beleggingsgroei** is die persentasie waarmee die aandele jaarliks groei en **persentasie dividende** is die persentasie van die waarde van die aandele wat as dividende uitbetaal word.

UITTREE-ANNUÏTEITE

Uittree-annuïteite kom in vele vorme voor en met voordele wat verskillend gestruktureer is. Die **jaarlikse inkomste** verwys na die werklike inkomste wat jaarliks ontvang word en die **Persentasie inflasie aanpassing indien van toepassing**, verwys na die koers waarteen die inkomste jaarliks styg indien dit nie konstant bly nie.

Kontantvloei

Die doel van die kontantvloei afdeling is om aan te dui wat die verhouding van jou inkomste en uitgawes na aftrede sal wees en of 'n tekort bestaan of later kan ontwikkel. Die inkomste kom uit al die inkomstebronne wat in die vorige venster aangedui is en die uitgawes van die uitgawes (jaarlikse begroting) is afkomstig van die begroting wat vir aftrede opgestel is. Dit word met inflasie aangepas tot op die datum van aftrede. 'n Mens kan dus reeds 'n paar jaar vóór aftrede 'n kontantvloei begroting vir na aftrede opstel terwyl die syfers met inflasie aangepas word.

Die kontantvloei oor die volgende tien jaar kan bereken word as die volgende ingevul is:

- a) Die begroting na aftrede op die eerste bladsy van **stap 5**
- b) Inkomstebronne op die vorige bladsy
- c) Op die kontantvloei bladsy moet jou **huidige ouderdom** en **aftree ouderdom** ingevul word.
- d) Daarna word op **bereken** geklik.
- e) Om met een oogopslag te sien of jy 'n positiewe of negatiewe kontantvloei het, kan op die **grafiek** knoppie geklik word.

Hoofstuk 6

MY FINANSIËLE PLAN, BEREKENAARS, 'N AFGIEF PROPVOL INLIGTING EN PRAKTIESE ASPEKTE

Planning without action is futile, action without planning is fatal
Anon

My finansiële plan

Aksieplan

Teen die einde van **stap 2**, was daar ruimte om aksiestappe te lys. Die inligting wat daar ingevul is, word na hierdie afdeling oorgedra. Indien daar ondertussen nog aksiestappe bykom, kan dit hier bygevoeg word.

My finansiële plan

Hier kan die beplanning uitgedruk word. 'n Mens kan die hele beplanning of slegs aspekte soos die doelwitte of balansstaat druk. Voordat die plan gedruk kan word, moet ingevul word wie die beplanning gedoen het en vir wie dit gedoen is. Dit kan 'n makelaar wees wat die beplanning vir 'n kliënt opgestel het of iemand wat dit vir homself opstel.

Berekenaars (*calculators*)

Spaarberekenaars

MAANDELIKSE BESPARING OM 'N DOELWIT TE BEREIK

Hierdie berekenaar kan gebruik word indien mens wil uitwerk hoeveel maandeliks gespaar moet word om 'n bepaalde doelwit te bereik. Indien 'n 25-jarige byvoorbeeld vir R1-miljoen op 65 wil spaar en hy kan 'n groeikoers op sy belegging van 12% per jaar ontvang, moet R85 per maand gespaar word. Oor die periode sal slegs R40 799.77 gespaar word – saamgestelde rente sorg vir die res.

WAARDE VAN BESPARING OOR TYD

Hier kan bereken word wat die waarde van 'n surplus in jou begroting kan wees indien dit vir 'n tyd gespaar word. 'n Relatiewe klein surplus van R150 wat teen 'n groeikoers van 12% gespaar word, sal na 20 jaar byvoorbeeld R148 388 werd wees.

SPAAR DEUR 'N GEWOONTE TE VERANDER

Dit is verstommend om te weet hoe 'n groot effek klein gewoontes op 'n mens se finansiële situasie het. *My e-Makelaar* kan gebruik word om uit te werk hoe gewoontes verander kan word om welvaart te skep.

In die volgende berekening, word die voorbeeld van 'n vyf-en-twintigjarige persoon gebruik wat 'n pakkie 20 sigarette per dag rook. Indien hy ophou rook en R16 daardeur spaar en die geld tot sy vyf-en-estigjarige verjaarsdag belê, sal hy teen 'n groeikoers van 12%, R5 647 090 bymekaar maak!

DAAGLIKSE BESPARING OM 'N DOELWIT TE BEREIK

Indien mens vir 'n spesifieke bedrag wil spaar, maar nie maandeliks die geld wat gespaar moet word, kan bekostig nie, is daar 'n uitweg. Jy kan uitreken wat daaglik gespaar moet word om die bedrag te bereik en dan 'n alledaagse gewoonte verander waardeur die bedrag maklik beskikbaar gestel kan word.

SKULD TEENoor SPAAR

Om vir 'n item te spaar, is meestal baie voordeliger as om dit op skuld te koop. In die eerste plek is die paalement kleiner en in die tweede plek word minder oor die periode betaal indien daarvoor gespaar word. Hierdie fasiliteit kan gebruik word om die verskil tussen skuld en spaar teen verskillende inflasie- en rentekoerse te bepaal.

Inflasie en rente

TOEKOMSTIGE WAARDE VAN 'N HUIDIGE BEDRAG

Hierdie berekenaar stel die gebruiker in staat om vas te stel wat die toekomstige waarde van 'n enkelbelegging sal wees indien dit teen 'n bepaalde rentekoers belê word. Iemand wat byvoorbeeld R10 000 teen 11% per jaar belê, sal R31 51.57 na 11 jaar hê.

HUIDIGE WAARDE VAN 'N TOEKOMSTIGE BEDRAG

Om te weet wat die huidige waarde van 'n toekomstige bedrag is, is van waarde omdat jy daardeur in staat gestel word om te weet wat die koopkrag van die geld gaan wees as jy dit ontvang.

Gestel 'n polis gaan oor 27 jaar R1.5-miljoen uitkeer. Teen 'n inflasiekoers van 5% per jaar, sal die koopkrag van die bedrag na R401 772.48 krimp.

KOOPKRAG

Met die koopkrag berekenaar kan uitgewerk word wat die waarde van geld oor 'n bepaalde tydperk en teen 'n bepaalde rente- en inflasiekoers gaan wees. As mens byvoorbeeld R100 000 teen 'n rentekoers van 10% vir tien jaar belê en die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers is 6%, sal die waarde van die bedrag R148 024 wees (die nominale waarde sal egter R259 370 wees).

TOEKOMSTIGE WAARDE VAN GEREELDE SPAAR

Hier kan bereken word wat die toekomstige waarde van 'n gereelde spaarprogram is.

HOEVEEL MOET VIR 'N DOELWIT GESPAAR WORD

Hier kan bereken word hoeveel vir 'n finansiële doelwit gespaar moet word.

REËLE OPBRENGS

Die reële opbrengs waarna hier verwys word, is die opbrengskoers met aanpassing vir inflasie. Indien die opbrengskoers 11% en die inflasiekoers 6% is, is die reële opbrengs byvoorbeeld 4.72% per jaar.

Beleggings

NABELASTE OPBRENGS: PERSENTASIE

Sommige beleggings is belasbaar en ander nie. Belasting op beleggings het tot gevolg dat hulle effektiewe opbrengskoers minder is. Hier kan die opbrengskoers na belasting bereken word indien die belastingkoers en rentekoers bekend is.

Indien 'n belegger 11% op 'n geldmarkfonds verdien, maar sy gemiddelde belastingkoers is 28%, sal die opbrengskoers na belasting 7.92% wees. Let wel dat die rente vrystelling buite rekening gelaat is.

NABELASTE OPBRENGS: BEDRAG BELÊ

Die opbrengskoers na belasting kan ook bereken word indien mens weet hoeveel geld jy belê het en hoeveel rente jy ontvang. Gestel 'n belegger belê R1-miljoen teen 11% op die geldmark. Hy sal dus R110 000 rente ontvang. As hierdie gegewens ingevoer word, sal gesien word dat die na-belaste opbrengskoers 7.92% is wat minder is as die inflasiekoers in 2008.

OPBRENGS OP AANDELEBELEGGINGS

Die opbrengskoers op aandelebeleggings word hier bereken.

OPBRENGS OP SKATKISWISSELS

Skatkiswissels word gewoonlik deur die sentrale regering vir periodes van 91 dae uitgereik. Tenders moet minstens R100 000 wees. Na die tydperk word kapitaal plus rente terugbetaal. Gestel R100 000 word getender en na 91 dae word R103 000 terugontvang. Die jaarlikse opbrengskoers op hierdie transaksie sal 12.03% wees.

REËLE OPBRENGS

In 'n inflasionêre omgewing behoort mens te weet wat die opbrengskoers van beleggings is indien die effek van inflasie in berekening gebring word. Die reële opbrengs verwys na hierna.

EFFEKTIEWE RENTEKOERS

